OXFORD Suksesvolle TOERISME

Module 10 Toerismesektore

Oorsig

In hierdie module kyk ons na die professionele beeld in die toerismebedryf. Dit behels die leer van hoe toerismebesighede hulself voorgee met 'n professionele beeld deur verskeie aspekte van die besigheid soos die voorkoms van die onderneming, bemarkings, en hoe die naam, logo, en slagspreuk oorgedra word. Professionele beeld behels ook die indruk wat personeel maak deur voorkoms, uniforms, versorging en ander faktore. In Hoofstuk 2 word die wetlike diensvoorwaardes van indiensneming bespreek. In Hoofstuk 3 word gekyk na die doel en waarde van 'n gedragskode.

© Oxford University Press, Southern Africa 2013